
PROCLAMATIONS • PROKLAMASIES

PROCLAMATION NO. 19 OF 2018

**by the
PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA**

SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): AMENDMENT OF PROCLAMATION NO. R. 29 OF 2017

Under section 2(4) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996), I hereby amend Proclamation No. R. 29 of 2017, by—

- (a) the further extension of the period referred to in the fourth paragraph of the Proclamation to the date of publication of this Proclamation; and
- (b) the substitution for paragraph 1 of the Schedule to the Proclamation of the following paragraph:

“1. The procurement of, or contracting for goods, works or services by or on behalf of the SABC from Lornavision (Pty) Ltd, Vision View Productions CC, Sekela Xabiso CA Incorporated, Lezaf Consulting CC, Gekkonomix (Pty) Ltd (trading as Infonomix), Asante Sana (Pty) Ltd, Foxtton Communicating (Pty) Ltd, Mott MacDonald (Pty) Ltd and Mafoko Security Patrols (Pty) Ltd and payments made in respect thereof, in a manner that was—

- (a) not fair, competitive, transparent, equitable or cost-effective;
- (b) contrary to applicable—
 - (i) legislation;
 - (ii) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury; or
 - (iii) manuals, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of, or applicable to the SABC,

and any related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by the SABC or the State.”.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Johannesburg this 21st day of June Two thousand and eighteen.

CM Ramaphosa
President

By Order of the President-in-Cabinet:

TM Masutha
Minister of the Cabinet

PROKLAMASIE NO. 19 VAN 2018**van die****PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID AFRIKA****WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996 (WET NO. 74 VAN 1996): WYSIGING VAN PROKLAMASIE NO. R. 29 VAN 2017**

Kragtens artikel 2(4) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996), wysig ek hierby Proklamasie No. R. 29 van 2017, deur—

- (a) die verdere verlenging van die tydperk vermeld in die vierde paragraaf van die Proklamasie tot die datum van publikasie van hierdie Proklamasie; en
- (b) die vervanging van paragraaf 1 van die Bylae tot die Proklamasie deur die volgende paragraaf:

“1. Die aanskaffing van, of kontraktering vir goedere, werke of dienste deur of namens die SAUK vanaf Lornavision (Pty) Ltd, Vision View Productions CC, Sekela Xabiso CA Incorporated, Lezaf Consulting CC, Gekkonomix (Pty) Ltd (handel as Infonomix), Asante Sana (Pty) Ltd, Foxton Communicating (Pty) Ltd, Mott MacDonald (Pty) Ltd en Mafoko Security Patrols (Pty) Ltd en betalings wat in verband daarmee gemaak is op 'n wyse wat—

- (a) nie regverdig, mededingend, deursigtig, billik of koste-effektief was nie;
- (b) strydig was met toepaslike—
 - (i) wetgewing;
 - (ii) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendskrywes of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie uitgevaardig is; of
 - (iii) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die SAUK van toepassing is,

en enige verbandhoudende ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilde uitgawes wat deur die SAUK of die Staat opgeloop was.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid Afrika te Johannesburg op hede die 21 ste dag van Junie Tweeduisend-en-agtien.

CM Ramaphosa
President

Op las van die President-in-Kabinet:

TM Masutha
Minister van die Kabinet